NORTH-WEST UNIVERSITY ®
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

Dit begin alles hier ™

PROFIEL

2013/2014

ons manifes

Dit gaan oor meer as net onderrig – dit gaan oor die

GELEENTHEDE

wat onderrig bring.

Hierdie is 'n plek...waar enigiets moontlik is.
'n Plek waar die verbeelding geen grense het nie, en drome begin.
'n Plek wat 'n stem gee aan wie jy waag om te wees.
Waar elke nuwe dag 'n geleentheid is om...
die volgende grootste - vinnigste -
hoorbaarste - trotsste...die volgende
eerste te wees.
Dis 'n plek waar stemme duideliker word,
strewes gevisualiseer word, en
toekomstige suksesse ontwikkel.
Anderkant die deure lê ons roeping...
Hier word ons nuwe nalatenskap neergeskryf,
en floreer ons eenheid binne diversiteit.
Dit is die plek waar
"wat as" verander na "wat is";
waar "as" verander na "wanneer";
en "dalk" verander na "kan."
Die NWU is die plek waar
jou beste die geleentheid het
om beter te word.

inhoud

die groter prentjie 2

die gees van die noordwes-universiteit 6

ons universiteit 8

ons bestuurspanne 10

ons pad na sukses 15

ons akademiese programme 16

ons studente 23

ons navorsing, innovasie en gemeenskapsverbintenis 29

yunibesiti ya rona 39

die groter prentjie

Suid-Afrikaanse **HOËRONDERWYS-** landskap

23
openbare hoëronderwysinstellings in SA

komprehensiewe universiteite **6**

11 KONVENSIONELE UNIVERSITEITE

6 UNIVERSITEITE VAN TEGNOLOGIE

Hoër Onderwys Suid-Afrika (HESA)
beheerliggaam vir SA se hoëronderwysinstellings

Noordwes-Universiteit (NWU)
een van die 11 konvensionele universiteite in SA

ons bestuursmodel

'n nuwe instelling

Die NWU het amptelik op 1 Januarie 2004 tot stand gekom, as deel van die transformasie van die hoëronderwyslandskap.

tweevlak-bestuursmodel

Institusionele Kantoor
Drie kampusse

kampusse

Mafikengkampus
Potchefstroomkampus
Vaaldriehoekkampus

fakulteite: mafikeng

Landbou, Wetenskap en Tegnologie
Handel en Administrasie
Opvoeding
Geestes- en Sosiale Wetenskappe
Regte

fakulteite: potchefstroom

Lettere en Wysbegeerte
Natuurwetenskappe
Teologie
Opvoedingswetenskappe
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Regte
Ingenieurswese
Gesondheidswetenskappe

fakulteite: vaaldriehoek

Geesteswetenskappe
Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie

visie

Die visie van die NWU is om ’n “toonaangewende universiteit in Afrika te wees, gedryf deur die strewe na kennis en innovasie”.

waardes

Die NWU onderskryf die eindwaardes van menswaardigheid, gelykheid, vryheid, integriteit, verdraagsaamheid, respek, verbondenheid tot uitnemendheid, vakkundige betrokkenheid, akademiese vryheid, geregtigheid en deursigtigheid. In die praktyk is ’n stel van vier instrumentele doenwaardes geïdentifiseer, naamlik integriteit, toewyding, aanspreeklikheid en respek.

missie

Die NWU se missie is om ’n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit te word, en om sy kundigheid op ’n innoverende manier te implementeer. Die instelling sal dit bereik deur sy waardes uit te leef en na gesonde bestuur en transformasie te streef, en deur plaaslik betrokke, nasionaal relevant en internasionaal erken te wees.

Volgens die 2011-syfers wat in 2012 deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding beskikbaar gestel is, vaar die NWU baie goed, gemeet aan die ander 22 hoëronderwysinstansies in Suid-Afrika. Hier is die bewyse:

56 641
totale koppetelling in **2011** → derde-grootste universiteit in Suid-Afrika

25%
Gradueringskoers in **2011**
(die aantal grade as persentasie van die totale koppetelling) → gesamentlik eerste in die hoëronderwyssektor

2012-telbord vir onderrig-leer

88,2%
voorgraadse slaagsyfer → ver bo die nasionale gemiddelde

2012-telbord vir navorsing

1 830
totale navorsingsuitset → plaas NWU in dieselfde groep as ander top- Suid-Afrikaanse navorsingsuniversiteite

slagspreuk

Dit begin alles hier

It all starts here

Gotlhe go simologa fano

Bemagtigingstatus

Swart uitvoerende direkteure	44,44%
Vroulike uitvoerende direkteure	11,11%
Swart personeel (% van totale personeel)	36,94%
Vroulike personeel (% van totale personeel)	56,82%

Rassesamestelling van kontakstudente in 2013

Asiër	Wit	Bruin	Swart	Totaal
442	16 403	1 141	18 155	36 141
1,22%	45,38%	3,15%	50,23%	

Geslagsamestelling van kontakstudente in 2013

Manlik	Vroulik	Totaal
14 766	21 375	36 141

Ras- en geslagsamestelling van permanente personeel in 2013

Vroulik

Asiër	Wit	Bruin	Swart	Totaal
16	1 262	81	488	1 847

Manlik

Asiër	Wit	Bruin	Swart	Totaal
16	804	62	522	1 404

die gees van die noordwes-universiteit

Die gees van die Noordwes-Universiteit word weerspieël in die manier waarop dit die toekoms vir mense ontsluit en hulle in staat stel om hul drome waar te maak.

Hierdie gees loop dwarsdeur al ons aktiwiteite en werksaamhede, van ons navorsing tot ons akademie, bestuursmodel, kampusstruktuur, studentekorps, gemeenskapsverbintenis en sportprestasies. Die "sleutels" wat die universiteit gebruik om die toekoms vir sy belanghebbers te ontsluit, sluit die volgende in:

unieke programme

Die NWU is die enigste universiteit wat 'n meestersgraad in Kerningenieurswese aanbied (op sy Potchefstroomkampus), en ook 'n meestersgraad in Toegepaste Positiewe Sielkunde (op sy Vaaldriehoekkampus).

Die Mafikengkampus bied die enigste BScAgric (Dieregesondheid)-program in Suid-Afrika aan wat vir registrasie deur die Suid-Afrikaanse Veeartsenykundige Raad erken word.

Dié kampus het ook in 2013 die eerste multidissiplinêre onderrigprogram vir Inheemse Kennisstelsels (IKS) wat deur die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid geakkrediteer is, van stapel gestuur.

Daarby bied die Sentrum vir Bedryfswiskunde en Informatika op die Potchefstroomkampus 'n nuwe meestersgraad in Bedryfsanalise aan wat parallel loop met die program in Kwantitatiewe Risikobestuur.

topnavorsingsentiteite

Volgens die NWU se navorsingsentiteite-model spog die universiteit met drie sentrums van uitnemendheid. Hulle is die Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding, die Sentrum vir Ruimtenavorsing en die Sentrum van Uitnemendheid vir Farmaseutiese Wetenskappe (PharMaCen). Al drie is op die Potchefstroomkampus geleë.

entrepreneuriese leer

Akademiese programme in entrepreneurskap is ingesluit in die BCom-kwalifikasie (wat spesialiseer in Sakebestuur) en 'n module oor entrepreneurskap in die MBA-kwalifikasie. BSc Verbruikerswetenskappe- en BSc IT-studente doen ook 'n module oor probleemoplossing in die sakeomgewing.

fokus op internasionalisering

Aangesien globalisering 'n verskynsel van die moderne era is, fokus die NWU op internasionalisering deur sy nuwe Internasionale Kantoor. Hierdie kantoor koördineer en fasiliteer die universiteit se internasionaliseringspogings, byvoorbeeld uitruilprogramme vir studente en personeel, en kontrakte met betrekking tot akademiese, kulturele, navorsings- en sportaangeleenthede.

tantièmes

Patente en inkomste uit produkverkope genereer ongeveer R3 miljoen per jaar aan tantièmes, lisensie-inkomste en produkverkope. Die NWU het 11 patente in die VSA.

uitnemendheid op sportgebied

Verskeie sportspanne van ons drie kampusse is as Universiteitsport Suid-Afrika-kampioene gekroon in 2012. Dit sluit in spanne van sportskodes soos karate (vir die dertiende agtereenvolgende jaar), atletiek (die tiende keer in 19 jaar), vrouehokkie (die tweede agtereenvolgende jaar), liggaamsbou, en vrouefietsry.

A Sportdorp

'n Vierster-sportdorp (bekend as die Sports Village) op die Potchefstroomkampus bied akkommodasie aan sportspanne wat by die universiteit oefen.

Die Spaanse sokkerspan was die eerstes wat van die kompleks gebruik gemaak het toe hulle daar tuisgegaan het tydens die FIFA-wêreldbeker in 2010.

A Top-oefenbestemming

In 2012 was hierdie universiteit die voorkeur-oefenbestemming van 781 internasionale atlete van 35 lande.

Hierdie sportmanne en -vroue maak gebruik van die eersteklasfasiliteite by die ENB-Hoëprestasie-instituut vir Sport (HPI) vir voorbereiding en oefening.

Die instituut se fasiliteite en dienste sluit in die bes toegeruste sportgimnasium in Afrika en 'n volledige reeks sportafrigting-, geneeskunde-, navorsings-, voedings- en sielkundige dienste. In 2012 het die instituut hoëprofiel-spanne gelok, onder meer Engeland se nasionale rugbyligaspan, die Australiese krieketspan, Botswana se nasionale sokkerspan, 'n Franse Olimpiese kajakspan en heelparty internasionale driekampatlete.

Suid-Afrikaanse spanne wat die HPI besoek het, is die Suid-Afrikaanse vrouesokkerspan, Banyana Banyana, die Kolkata Knight Riders IPL-krieketspan en die Kaizer Chiefs-sokkerspan.

Die HPI het ook gehelp met Noordwes Krieket se internasionale afrigtingskamp en met verskeie internasionale tennistoernooie.

Internasionale atlete wat by die HPI geoefen het in die jare voor 2012 se Olimpiese Spele het 'n totaal van 19 Olimpiese medaljes losgeslaan in Londen.

A Sentrum van spesialisasie

Die Instituut vir Sportwetenskap en Ontwikkeling (ISWO) lewer ook wetenskaplike ondersteuningsdienste aan die Wêreldfietsrysentrum – Afrika (WFS-A), die Noordwes-Sportakademie, die PUK-rugbyinstituut en Hokkieakademie op die Potchefstroomkampus en die Sokkerinstituut op die Mafikengkampus.

Die instituut is reeds die afgelope 11 jaar lank lid van die Internasionale Vereniging van Hoëprestasiesportafrigtingsentrums.

A Fietsrybane van wêreldgehalte

Bouwerk aan 'n buitenshuise BMX Supercross-fietsrybaan sowel as 'n binnenshuise area met 'n skuins opgeboude houtoppervlak-fietsrybaan (Velodrome) by die Potchefstroomdam is reeds aan die gang.

Nasionale en internasionale fietsryers en fietsryspanne sal die baan kan gebruik vir oefensessies, vaardigheidsontwikkeling en kompetisies. Die Velodrome sal die eerste en enigste van sy soort in Afrika wees.

Die Noordwes-Universiteit (NWU) het amptelik op 1 Januarie 2004 tot stand gekom.

Die instellings wat saamgesmelt het om die NWU tot stand te bring, was die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en die Universiteit van Noordwes. Die personeel en studente van die Sebokengkampus van die Vista-Universiteit is ook by die nuwe instelling ingelyf.

Die NWU is 'n unitêre multikampus-instelling met kampusse in twee provinsies. Die Potchefstroom- en Mafikengkampus is in Noordwes en die Vaaldriehoekkampus in Gauteng geleë. Die Institusionele Kantoor (hoofkantoor) is in Potchefstroom naby die Potchefstroomkampus geleë.

Elke kampus het sy eie unieke kenmerke. Die **Mafikengkampus** is byvoorbeeld in die hoofstad van die Noordwesprovinsie geleë en spog met 'n internasionale atmosfeer, met 357 internasionale studente uit 24 verskillende lande wat daar ingeskryf was in 2012.

Die **Potchefstroomkampus**, wat die grootste en oudste NWU-kampus is, is in die historiese universiteitsdorp Potchefstroom geleë. Alhoewel die meerderheid voltydse voorgraadse klasse in Afrikaans aangebied word, is verskeie maatreëls in plek om toegang en sukses te fasiliteer en te bevorder,

Mafikengkampus
Noordwesprovinsie

Institusionele Kantoor
Potchefstroom
Noordwesprovinsie

Potchefstroomkampus
Noordwesprovinsie

Vaaldriehoekkampus
Gautengprovinsie

byvoorbeeld opvoedkundige tolkdienste na Engels in sekere nisonderrigprogramme.

Die **Vaaldriehoekkampus** met sy uiteenlopende bevolkingsamestelling is in ’n unieke omgewing geleë, naamlik op die oewer van die Vaalrivier in ’n verklaarde natuurreservaat, met ’n verskeidenheid wildspesies wat op die kampusgronde rondloop.

effektiewe bestuur

Om seker te maak dat die geografies geskeide kampusse van die universiteit doeltreffend bestuur word, het ons bestuursprosesse uit die sakewêreld oorgeneem en innoverend toegepas.

Aangesien individuele aanspreeklikheid vir die NWU belangrik is, word die Institusionele Plan in die individuele prestasieooreenkomste met bestuurders op alle vlakke en uiteindelik na alle akademiese personeel afgewentel.

ons handelsmerkidentiteit

Die Noordwes-Universiteit se visuele identiteit behels konsekwente gebruik van die logo, korporatiewe kleure, stylgidse, visuele taal en konsepte soos goedgekeur deur die Institusionele Komitee vir Handelsmerkvestiging, Bemarking, Kommunikasie en Bevordering. Hierdie riglyne word uiteengesit in die Korporatiewe Identiteit-handleiding. Ons het ook ’n handelsmerkbeleid oor prosesse en reëls wat gevolg moet word met betrekking tot bemarkings- en kommunikasiemateriaal wat daartoe bydra om die NWU te posisioneer.

ons logo

Die kettingskakels simboliseer die eenheid van die saamgesmelte Noordwes-Universiteit en die drie kleure weerspieël die lewenskragtige kampusse.

NORTH-WEST UNIVERSITY ®
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

ons bestuurspan

As gevolg van die geografiese verspreiding van sy kampusse het die NWU 'n tweevlak-bestuursmodel aanvaar om by sy werksaamhede te pas.

Hierdie model bestaan uit 'n institusionele vlak as kern, wat universiteitswye konsekwentheid met betrekking tot beleid, stelsels en prosedure verseker, en die drie kampusse wat as gedesentraliseerde en gekoördineerde sake-eenhede funksioneer. Die Institusionele Bestuur is die uitvoerende liggaam van die NWU. Dr Theuns Eloff, die visekanselier, is die hoof- uitvoerende en rekenpligtige beampte, wat vir die instelling se algehele prestasie aan die NWU-raad verantwoording moet doen.

Die lede van die Institusionele Bestuur is agter van links me Phumzile Mmope (Uitvoerende Direkteur: Institusionele Bevordering), prof Johan Rost (Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite), prof Dan Kgwadi (Rektor: Mafikengkampus), prof Herman van Schalkwyk (Rektor: Potchefstroomkampus), prof Thanyani Mariba (Rektor: Vaaldriehoekkampus) en mnr Victor Mothobi (Uitvoerende Direkteur: Mensekapitaal). Voor is prof Martin Oosthuizen (Adjunk-visekanselier: Onderrig-Leer), mnr James Botha (waarnemende institusionele registrateur), dr Theuns Eloff en prof Frikkie van Niekerk (Adjunk-visekanselier: Navorsing, Innovasie en Tegnologie).

bestuurspan: mafikengkampus

Prof Dan Kgwadi, rektor van die Mafikengkampus, staan aan die hoof van ’n diverse en gefokusde kampusbestuurspan. Hy word ondersteun deur ’n viserektor, prof Mashudu Davhana-Maselesele (Viserektor: Akademie en Navorsing), die dekane van die onderskeie fakulteite, ’n kampusregistrateur en direkteure van ondersteuningsdepartemente.

Prof Dan Kgwadi
Kampusrektor

Prof Mashudu Davhana-Maselesele
Viserektor: Akademie en Navorsing

Prof Eno Ebenso
Dekaan: Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie

Prof Sonia Swanepoel
Dekaan: Fakulteit Handel en Administrasie

Prof Dawid Gericke
Dekaan: Fakulteit Opvoedkunde

Prof Petrus Botha
Dekaan: Fakulteit Geestes- en Sosiale Wetenskappe

Prof Melvin Mbao
Dekaan: Fakulteit Regte

Mnr Robert Kettles
Kampus-registrateur

Mnr Etienne Mostert
Direkteur: Finansies

Mnr Koos Degenaar
Direkteur: Bemarking en Kommunikasie

Mnr Lester Mopolokeng
Uitvoerende bestuurder: Kantoor van die rektor

Vakant
Studentedekaan

bestuurspan: potchefstroomkampus

Gesteun deur die kundigheid van sy kampusbestuurspan gee prof Herman van Schalkwyk die pas aan op die Potchefstroomkampus. Hy word bygestaan deur twee viserektore, prof Mariëtte Lowes (Viserektor: Akademies) en prof Amanda Lourens (Viserektor: Navorsing en Beplanning), die dekane van die onderskeie fakulteite, 'n kampusregistrateur en direkteure van ondersteuningsdepartemente.

Prof Herman van Schalkwyk
Kampusrektor

Prof Mariëtte Lowes
Viserektor: Akademies

Prof Amanda Lourens
Viserektor: Navorsing en Beplanning

Dr Tom Larney
Kampus-registrateur (Waarnemend)

Prof Jan Swanepoel
Dekaan: Fakulteit Lettere en Wysbegeerte

Prof Kobus Pienaar
Dekaan: Fakulteit Natuur-wetenskappe

Prof Fika Janse van Rensburg
Dekaan: Fakulteit Teologie

Prof Robert Balfour
Dekaan: Fakulteit Opvoedings-wetenskappe

Prof Nicola Smit
Dekaan: Fakulteit
Regte

Prof Susan Visser
Dekaan: Fakulteit
Ekonomiese
en Bestuurs-
wetenskappe

Prof LJ Grobler
Dekaan: Fakulteit
Ingenieurswese

Prof Awie Kotzé
Dekaan: Fakulteit
Gesondheids-
wetenskappe

Prof Rickus Fick
Dekaan:
Studentesake

Mnr Bobo van der
Westhuizen
Hoofdirekteur:
Finansies en
Fasiliteite

Mnr Theo Cloete
Direkteur:
Bemarking en
Kommunikasie

bestuurspan: vaaldriehoekkampus

Prof Thanyani Mariba is die rektor van die Vaaldriehoekkampus. Saam met hom in die voorste linie is prof Linda du Plessis, Viserektor: Akademie, Kwaliteit en Beplanning. Die bestuurspan bestaan verder uit twee dekane, ’n kampusregistrateur en die direkteure van ondersteuningsdepartemente.

Prof Thanyani Mariba
Kampusrektor

Prof Linda du Plessis
Viserektor: Akademie, Kwaliteit en Beplanning

Me Elbie Steyn
Kampusregistrateur

Prof Tinie Theron
Dekaan: Fakulteit Geestes-wetenskappe

Prof Herman van der Merwe
Dekaan: Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtings-tegnologie

Mnr Warren Makgowe
Direkteur: Bemarking en Kommunikasie

Mnr Herman Steyn
Hoofdirekteur: Finansies en Fasiliteite

Vakant
Studentedekaan

ons pad na sukses

Wanneer mens kyk na die opsomming in die tabel hieronder, is dit duidelik dat die NWU se prestasies met betrekking tot sy kernbesigheid gedurende die afgelope paar jaar op feitlik alle terreine toegeneem het.

	2008	2009	2010	2011	2012
Totale studente-inskrywings	47 008	50 589	55 732	56 641	58 752
- Kontak - Afstand	25 740 21 268	26 853 23 736	29 243 26 489	31 663 24 978	34 389 24 363
Voorgraadse slaagsyfer	81,2%	83,6%	83,5%	85,2%	88,2%
Graadverwerwingskoers	26%	27%	27%	25%	25%
Grade en diplomas toegeken	12 337	13 445	15 083	15 904	14 669
Meestersgrade toegeken	583	659	633	639	670
PhD's toegeken	100	123	129	115	154
Publikasie-ekwivalente (totaal)	503	448	591	773	935
NNS-gegradeerde navorsers	103	116	117	125	140
Totale navorsingsuitset	1 084	1 186	1 330	1 483	1 830
Totale inkomste	R1 671m	R1 827m	R2 002m	R2 318m	R2 713m
Surplus (herhalende items)	R82m	R58m	R37m	R63m	R104m
Personeelkoste / totale koste	48,4%	50,7%52	52,8%	52,4%	50,1%
Selfgegenereerde inkomste	R644m	R647m	R642m	R751m	R864m
% van inkomste vanaf regering	40,0%	41,5%	44,6%	43,1%	41%
% van inkomste uit klasgeld	20,3%	22,4%	23,6%	24,7%	26,5%
Kapitaaluitgawes op opgraderings	R69,2m	R81,9m	R60,5m	R53,2m	R52,9m

ons akademiese programme

By die Noordwes-Universiteit gaan dit nie net oor onderrig nie, maar ook oor die geleenthede wat onderrig bring. Met ander woorde ons bied meer as 'n opvoeding: ons bied aan mense ’n plek in die wêreld.

Studente kan nie net tussen die drie kampusse kies wat oor ’n wye geografiese gebied versprei is nie, maar ook tussen die groot verskeidenheid akademiese programme wat aangebied word.

Hierdie groot keuse en buigsaamheid stel hulle in staat om hul volle potensiaal te verwesenlik en hul loopbane te begin ontwikkel.

Die NWU bied nie net ’n aantal akademiese programme wat nie by ander Suid-Afrikaanse universiteite gevind kan word nie, maar het ook die tweede-grootste afstandsleereenheid in Suid-Afrika wat tans afstandsleerprogramme aan 24 363 studente bied. Hierdie groep bestaan hoofsaaklik uit studente van Opvoedingswetenskappe, maar ook van Verpleegkunde en Teologie.

Die eenheid spog met bykans 50 fasiliterings- en 100 eksamensentrums. Hierdie sentrums is regdeur Suid-Afrika versprei, sommige is in Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskapslande en een in Londen.

tolkdienste

Volgens ons beleid van funksionele meertaligheid bied die NWU opvoedkundige tolkdienste aan studente. Die hoofdiens word op die Potchefstroomkampus gelewer, waar sowat 26% van alle modules getolk word. Die grootste rede vir die tolking op dié hoofsaaklik Afrikaanssprekende kampus is om toegang vir nie-Afrikaanssprekendes in sekere rigtings moontlik te maak.

Tolkdienste word ook op die Mafikeng- en Vaaldriehoekkampus in bepaalde modules gelewer en sal in 2014 verder uitgebrei word. Op die Mafikengkampus word daar van Engels na Setswana getolk en op die Vaaldriehoekkampus word daar tans van Engels na Afrikaans getolk. Op die Potchefstroomkampus is ’n groep studente van die Koninklike Bafokeng-stam wat simultane tolking na Setswana in al hul vakke ontvang sodat hulle kan leer om in hul moedertaal onderrig te gee.

ontwikkeling van kritieke vaardighede vir die land

Die universiteit fokus op die ontwikkeling van skaars en strategiese vaardighede:

- Die NWU het die grootste oop afstandsonderrig-onderwys-eenheid in die land en bied onderwysprogramme aan vir onderwysers wat reeds in diens is in die land. In 2012 het die NWU 7 286 onderwyskwalifikasies toegeken, die meeste daarvan aan onderwysers wat hul kwalifikasies wil verbeter.

- In reaksie op die landswye tekort aan grondslagfase-onderwysers wat toegerus is om in die moedertaal klas te gee, is daar groepe studente wat in hul moedertaal, Setswana, onderrig ontvang.

- Dit is ook een van die NWU se prioriteite om werk te maak van die ernstige tekort van ongeveer 22 000 rekenmeesters in die land. Die NWU doen dit deur die

aanbied van vier professionele rekeningkundegrade, naamlik Forensiese Rekeningkunde, Geoktrooieerde Rekeningkunde, Bestuursrekeningkunde en Finansiële Rekeningkunde. Die NWU is die enigste universiteit in Suid-Afrika wat al vier spesialiserings in rekeningkunde voorgraads aanbied.

nwu-kampusse

Elk van die NWU se drie kampusse het definitiewe sterkpunte en vermoëns, in ooreenstemming met die universiteit se strategiese rigting van beide eenheid en diversiteit.

mafikengkampus

Die Mafikengkampus is die tweede-grootste van die NWU se drie kampusse, met 10 256 studente wat in 2012 ingeskryf was, waarvan 1 542 vir afstandsprogramme ingeskryf was. Daar is vyf fakulteite, naamlik Landbou, Wetenskap en Tegnologie; Geestes- en Sosiale Wetenskappe; Opvoedkunde; Handel en Administrasie; en Regte. Die kampus bied verskeie unieke programme aan:

A **Vervoerekonomie en Logistieke Bestuur**

Hierdie program is tot stand gebring in reaksie op geïdentifiseerde kritieke en skaars vaardighede in Suid-Afrika en is een van die vlagskipprogramme in die land.

A **Dieregesondheid**

Die groot Dieregesondheidkompleks van die Dale Beighle-sentrum vir Dieregesondheid huisves onder meer ’n moderne diereklinie om die voorgraadse onderrigprogram te verbeter, asook groot diagnostiese en navorsingslaboratoriums om nagraadse studie te fasiliteer.

A **Inheemse Kennisstelsels (IKS)**

Die IKS-sentrum bied ’n vierjarige baccalaureusgraad in IKS aan met spesialiserings-

opsies in landbou, wetenskap en tegnologie, gesondheid, inligting en kommunikasie-tegnologie, en kuns en kultuur. Laasgenoemde sluit tale in waarvandaan navorsingsprogramme vir meesters- en doktorsgrade sal ontwikkel.

(Inheemse kennis is plaaslike kennis en praktyke wat uniek is tot en ontwikkel word binne 'n bepaalde kultuur of samelewing.)

A Sentrum vir Toegepaste Stralingswetenskap en -tegnologie (STSWT)

As baanbreker in toegepaste stralingswetenskap het hierdie sentrum 'n mandaat om navorsing te doen en kapasiteit te bou vir die kernindustrie in Suid-Afrika. Die sentrum bied programme op honneurs- en meestersgraadvlak aan.

A Sentrum vir regsonderrig en -leer

Die Fakulteit Regte se strewe na geregtigheid en demokrasie word weerspieël in sy voorgraadse en nagraadse programme. Die LLB-program is baie gewild, met studente van so ver as Botswana, Kameroen, Nigerië, Zimbabwe en Zambië.

A Verbetering van die gehalte van onderwys in Suid-Afrika

Die Fakulteit Opvoedkunde spreek die kritieke tekort aan onderwysers in die land aan. Die fakulteit doen dit deur nuwe onderwysers op te lei en die vaardighede van reeds gekwalifiseerde onderwysers te verbeter.

A Akademici blink uit

Drie akademici het nasionale toekennings ontvang vir uitstaande bydraes in hul vakgebiede. 'n Akademikus van Chemie is aangewys as die Invloedrykste Vrouewetenskaplike in Suid-Afrika, terwyl 'n akademikus van Opvoedkunde 'n nasionale toekenning vir onderwysuitnemend van die Higher Education Learning and Teaching Association of Southern Africa verwerf het. 'n Gesoute dosent en navorser van Wiskundige en Fisiese Wetenskappe het die 2012-toekenning vir Internasionale Leierskap in Navorsing ontvang.

Twee kundiges op die gebied van inligtingstelsels het die Beste-referaat-toekenning ontvang by die 19de Internasionale Vereniging vir Besigheidsinligtingsbestuur se konferensie in Spanje.

Die dekaan van die Fakulteit Regte is deur die regering van die Republiek van Zambië genader om deel te wees van 'n groep kundiges wat hulle adviseer oor die opstel van 'n nuwe grondwet vir Zambië.

A Loopbaan in sport

Benewens sokkerafrigting ontvang studente van die Sokkerinstituut op die Mafikengkampus ook akademiese opleiding. Hulle kan byvoorbeeld inskryf vir 'n baccalaureusgraad van hul keuse, of 'n driejarige diploma in Sportwetenskappe. Daar word beplan om 'n sokker-spesifieke sportwetenskapprogram op voor- en nagraadse vlak tot stand te bring.

potchefstroomkampus

Hierdie grootste van die NWU-kampusse het 42 338 geregistreerde studente in 2012 gehad, waarvan 22 706 vir afstandprogramme ingeskryf was. Die Potchefstroomkampus is ook verantwoordelik vir die meeste van die NWU se navorsingsuitsette en Nasionale Navorsingstigting-gegradeerde navorsers, en het agt fakulteite. Dit is: Lettere en Wysbegeerte, Natuurwetenskappe, Teologie, Opvoedingswetenskappe, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Regte, Ingenieurswese en Gesondheidswetenskappe. Die kampus het ook 21 navorsingsentiteite en 'n aantal sentrums en institute waar alle navorsingsaktiwiteite plaasvind.

A Internasionale erkenning

Die BSc-honneursprogram in Kwantitatiewe Risikobestuur (KRB) van die Sentrum vir

Bedryfswiskunde en Informatika® (Sentrum vir BWI) het internasionale erkenning van twee professionele risikobestuursliggame ontvang.

A Uitnemende programme

Kundiges van Australië, België, Uganda en Brittanje het verklaar dat die programme in die Skool vir Voortgesette Onderwysers-opleiding (SVOO) baie goed vergelyk met die beste in die wêreld.

A Akademikus aan die stuur

'n Taalkenner en direkteur van die Skool vir Tale is die voorsitter van die Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans, van die Raad van die Afrikaanse Taalmuseum en Monument, en van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

A Gesogte toekennings

Die dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe is aangewys as een van die land se invloedrykste vroue in onderwys en opleiding. Die toekenning was deel van die saketydskrif CEO se kompetisie om Suid-Afrikaanse vroue te vereer vir hul bydrae in die sakewêreld en die regering.

Die dekaan van die Fakulteit Ingenieurswese was die 2012-wenner van die Groen Bedryfsleier-kategorie van die Groen Verskaffingsketting-toekennings. Hy is ook die eerste nie-Amerikaner wat verkies is as voorsitter van die Vereniging vir Energie-ingenieurs. Daarby het 'n dosent van Ingenieurswese ook 'n nasionale toekenning vir onderriguitnemendheid ontvang van die Higher Education Learning and Teaching Association of Southern Africa (HELTASA).

A Fabriseringslaboratorium van wêreldgehalte

Die Fakulteit Ingenieurswese spog met 'n fabriseringslaboratorium (Fablab) van wêreldgehalte waar mense die tegnologie kan gebruik om bykans enige idee in 'n ontwerp te omskep.

A Sweef bokant die aarde

In 2012 het twee akademici van die Skool vir Meganiese en Kerningenieurswese deelgeneem aan die wêreldsweeftuig-kampioenskap in Texas in die VSA, waar hul JS1-Revelation-sweeftuig met 'n vlerkspan van 18 m, vierde gekom het.

A Studente blink nasionaal en internasionaal uit

Studente van die Skool vir Musiek het eersteplekke in verskeie nasionale musiek-kompetisies behaal. By die Internasionale Mozart-fees het twee studente beurse gewen om in 2013 aan die Musikhochschule in Keulen, Duitsland, te studeer.

Grafiese Ontwerp-studente het weer heelwat groot ontwerppryse opgeraap in 2012, insluitende Pendoring- en Loerie-toekennings en toekennings in die Internasionale Vereniging vir Tipografiese Ontwerpers se kompetisie. Daarby was 'n honneursstudent se reisvideo een van die pryswenners in die internasionaal hoog aangeskrewe Nomads-videokompetisie in 2012.

Regstudente het uitgeblink deur nie net 2012 se All Africa Moot Court-kompetisie te wen nie, maar ook – vir die vierde agtereenvolgende jaar – die LexisNexis Intervarsity Criminal Mock Trial-kompetisie.

Ingenieurstudente se sonkragaangedrewe kar was die gesamentlike wenner van 'n internasionale kompetisie, die Sasol Solar Challenge. Die kar is ook gesamentlik eerste op die Internasionale Outomobielfederasie se wêreldranglys vir alternatiewe energie. Vier nagraadse Ingenieurstudente is deel van 'n span wat besig is om 'n nuwegenerasie-helikopter en -vliegtuig in samewerking met Denel Aviation te ontwikkel.

A CTexT®

Die Sentrum vir Tekstegnologie (CTexT®) doen navorsing oor mensetaaltegnologie en ontwikkel taaltegnologieprodukte soos speltoetsers vir Suid-Afrikaanse tale.

Mensetaaltegnologie maak dit vir mense moontlik om rekenaars en ander tegnologieë in natuurlike tale (soos Afrikaans of isiZulu) te gebruik. Die Taalhulpbron-bestuursagentskap wat deur die regering befonds en deur CTexT bestuur word, is daarop gemik om te help met data-ontwikkeling vir navorsers en ontwikkelaars en sodoende nuwe tegnologieë in meer tale moontlik te maak.



A ’n Nuwe vlak van opleiding

Die Fakulteit Gesondheidswetenskappe gebruik mediese simulasiepoppe en ultramoderne simulasie-apteke om mediese en farmaseutiese studente op te lei. Hulle spog ook met ’n Eenheid vir Opleiding in Primêre Gesondheidsorg en ’n Sentrum vir Kinder-, Jeug- en Gesinstudies.

A Bevorder wêreldgesondheid

Die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) het die Skool vir Farmasie se Navorsingsinstituut vir Industriële Farmasie – wat die Sentrum vir Kwaliteitsversekering van Medisyne insluit – as ’n WGO-samewerkingsentrum vir die Kwaliteitsversekering van Medisyne aangewys. Die Skool vir Farmasie is die grootste van sy soort in die land en lewer 40% van Suid-Afrika se aptekers.

A Baanbrekers in ekstrusie

Extruafrica, ’n opleidingsinisiatief in die Sentrum van Uitnemendheid in Gevorderde Vervaardiging, organiseer opleidingseminare en ’n jaarlikse internasionale konferensie oor voedselekstrusie, wat die plaaslike voedselekstrusiebedryf ondersteun. (Ekstrusie is ’n proses wat in die voedsel-, voer-, plastiek-, poeierverf- en samestellingsbedryf toegepas word.)

A Unieke tegnologie vir geneesmiddelaflewering

Navorsers van die Eenheid vir Geneesmiddel-navorsing en -ontwikkeling het hierdie unieke tegnologie, bekend as PheroidTM, ontwikkel om siektes soos malaria meer doeltreffend te behandel, en vir die aflewering van groot geneesmiddelmolekules oor die vel.

A Internasionale rolspeler in die behandeling van MIV/VIGS

Nog ’n prestasie is die universiteit se deel-name aan ’n internasionale konsortium wat ’n tender van $7 miljard gekry het om tot die Amerikaanse President se noodfonds vir Vigs-hulp (sogenaamde PEPFAR-projek) by te dra.

vaaldriehoekkampus

Hoewel dit die kleinste van die drie kampusse is, met 6 158 geregistreerde studente in 2011, is hierdie kampus ’n kragbron van akademiese kundigheid.

Die kampus het twee fakulteite, naamlik die Fakulteit Geesteswetenskappe met vier skole en die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie met drie skole.

A Onderrig-leer-aktiwiteite

Die kampus het verskeie stappe geneem om sy studente te ondersteun. Aanvullende On-derrig (AO) is byvoorbeeld uitgebrei tot 96 modules (75 in 2011) en daar is 190 AO-leiers (114 in 2011). (Meer oor AO op bladsy 22) Die kampus het ook die aantal “sites” vir die Leerbestuurstelsel (eFundi) tot 731 vermeerder in 2011. Daarby het die kampus ’n eweknie-mentorprogram vir eerstejaarstudente in alle koshuise ingevoer. Hulle wil die program in 2013 selfs verder uitbrei na die twee dorpskoshuise toe.

A Taal- en skryfvaardighede

’n Skryflaboratorium is op die been gebring deur die Skool vir Tale om studente te help om taal meer doeltreffend te gebruik. Die studente word gehelp met argumentasie-vaardighede, paragrafering, verwysings en konseptuele strukturering om hul akademiese skryfvaardighede te verbeter.

A Navorsing is ’n fokuspunt

Die kampus het drie navorsingsfokusareas, naamlik Verstaan en Verwerking van Taal in Komplekse Omgewings (UPSET), Instaatstelling tot Optimale Uitdrukking van Individuele, Sosiale en Institusionele Potensiaal (Optentia) en Meertalige Spraaktegnologie (MUST).

UPSET stel ondersoek in na hoe mense taal in komplekse omgewings verstaan en ver-werk, deur spesifiek te fokus op die do-

meine van taalpraktyk (vertaalkunde) en meertaligheid.

Optentia is daarop gemik om kennis uit te brei oor hoe individuele, sosiale en institusionele potensiaal optimaal uitgedruk kan word, en om hierdie kennis aan individue en besluitnemers beskikbaar te stel.

MUST fokus op die ontwikkeling van die wetenskaplike en tegnologiese grondslag wat die weg sal baan vir spraaktegnologieë (soos spraakherkenning en -sintese) om 'n beduidende impak te hê in die ontwikkelende wêreld.

Die Skool vir Basiese Wetenskappe (binne die Fakulteit Geesteswetenskappe) het die navorsingsfokusarea, PARSED (Openbare-aangeleenthede-navorsing vir Dienslewering) tot stand gebring.

Benewens bogenoemde navorsingsentiteite is ander potensiële nisareas ook geïdentifiseer:

- ⇨ Antieke Tekste
- ⇨ Ondernemingskennis en -stelsels
- ⇨ Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling
- ⇨ Toegepaste Risikobestuur

Die **SA Institute for Serious Games**, 'n gesamentlike onderneming tussen Coventry Universiteit in die Verenigde Koninkryk en die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie, is in 2011 van stapel gestuur. Spesiale simulasiespeletjies word ontwerp waarmee mense opgelei word in vakgebiede soos sosio-ekonomie, streeksbeplanning en risikoversekering.

Die Vaaldriehoekkampus het ook 'n **Vaardigheidsontwikkelingseenheid** wat kortkursusse en werkswinkels op verskeie gebiede aanbied, soos projekbestuur, arbeidsverhoudinge, en bestuurs- en rekenaarvaardighede. Plaaslike regerings, die Gautengse Departement van Onderwys en die Suid-Afrikaanse Sokkervereniging het reeds by hierdie programme gebaat.

Die **Ondernemingsontwikkelingsentrum** is 'n ontwikkelingsinisiatief vir studente en besighede in die Vaaldriehoekstreek. Die sentrum bemagtig enigiemand om 'n entrepreneur te word en is deel van die BHive-projek (Bridging Business and Education by Establishing a Hub of Innovative Ventures and Expertise). Die BHive is die resultaat van 'n €1,8 miljoen-toekenning van Nederland.

Die **Eenheid vir Toegepaste Risikobestuur** spreek die behoefte aan vir nagraadse risikobestuursopvoeding en toegepaste risikonavorsing. Die fokus is op senior, uitvoerende bestuur en raadslede van finansiële instansies.

bevordering van akademiese prestasie

Die NWU bied etlike programme aan om studente te help om vaardigheidsgapings te bowe te kom.

Een daarvan behels akademiese geletterdheids- en vaardigheidstoetse wat deur alle eerstejaarstudente van die NWU afgelê word. Dié toetse bepaal of hulle baat sal vind by die bykomende module in akademiese geletterdheid wat vir alle eerstejaars aangebied word, asook by ander vaardigheidsprogramme wat die NWU aanbied.

'n Verpligte module in akademiese geletterdheid word op alle NWU-kampusse aangebied. Ander verpligte modules wat studente help om die wêreld as 'n stel verwante stelsels te verstaan, is ook reeds in alle akademiese programme op die tweede- en derdejaarsvlak ingevoer.

Die NWU het ook belê in die universiteitswye implementering van Aanvullende Onderrig (AO) op al die kampusse.

AO is 'n akademiese ondersteuningstelsel vir studente wat regoor die wêreld gebruik word en ekstra groepstudiesessies in die moeilike modules behels. Opgeleide AO-leiers – senior studente wat die geteikende module reeds suksesvol voltooi het – fasiliteer hierdie sessies.

Die NWU glo in die totale bemagtiging van studente sodat hulle goed voorbereid is om met suksesvolle loopbane te begin, tot die gemeenskap by te dra en gebalanseerde, doelgerigte lewens te lei.

Die NWU wil die plek wees waar studente nie net akademiese uitnemendheid bereik nie, maar ook vrye teuels gee aan hul verbeeldings, hul aspirasies visualiseer en hul toekomstige sukses ontwikkel. Die kampuslewe is gemik op holistiese groei en ontwikkeling, soos duidelik blyk uit die wye verskeidenheid kulturele, sport-, voorligtings- en welstandsaktiwiteite waaraan studente aangemoedig word om deel te neem.

studenteprofiel

Diversiteit is die onderskeidende eienskap van die NWU se studenteprofiel. Dis te verwagte, want die universiteit het immers drie kampusse wat oor twee provinsies versprei is. Dit word ook verwelkom aangesien dit die dinamiek en demografie van die Suid-Afrikaanse samelewing weerspieël.

Die NWU beskou dit as 'n mededingende voordeel vir studente, want deur saam te werk en te leer, put hulle krag uit hul diversiteit en verbeter hul vermoë om te kommunikeer en met mekaar saam te leef.

In 2012 het die NWU se studenteprofiel soos volg daar uitgesien:

Kampus	Studente
Mafikeng	10 256
Potchefstroom	42 338
Vaaldriehoek	6 158
TOTAAL	58 752

voorgraads en nagraads

Verreweg die meerderheid studente is voorgraads, met 44 361 wat in 2012 vir baccalaureusgrade of diplomas ingeskryf was. Die NWU het egter ook 'n beduidende aantal nagraadse studente:

Meestersgraadstudente	2 828
Doktorsgraadstudente	1 048
TOTAAL	3 876

studiekeuses

In 2012 was sommige van die studiekeuses van studente by die NWU die volgende:

Hoofstudieterrein	Kontak	Afstand	Totaal (%)
Wetenskap, ingenieurswese, tegnologie	11 075	625	19,91%
Sake/bestuur	9 479	29	16,18%
Opvoedkunde	4 414	20 970	43,2%
Ander geesteswetenskappe	9 421	2 739	20,69%

Na verwagting sal hierdie profiel meer in die rigting van die natuurwetenskappe en ekonomiese dissiplines verskuif, ooreenkomstig die NWU se Institusionele Plan.

studentefasiliteite en infrastruktuur

Die NWU belê intensief in studentefasiliteite en infrastruktuur met die doel om die bes moontlike leer- en buitemuurse ontwikkelingsgeleenthede aan studente te bied.

Die universiteit gaan in die volgende drie jaar sowat R380 miljoen aan nuwe geboue, opgradering van bestaande geboue en toerusting op die drie kampusse spandeer. Die grootste projek vir die tydperk 2012 tot 2015 word op die Mafikengkampus aangepak. Dit behels die bou en inrig van twee nuwe koshuise teen 'n totale koste van R76,9 miljoen.

Die tweede-grootste projek, ter waarde van R54,7 miljoen, is die bou en inrig van 'n nuwe gebou vir Farmasie op die Potchefstroomkampus. Van die ander groot projekte sluit in die bou en toerus van 'n nuwe gebou vir Verpleegkunde en die tweede fase van die gebou vir Natuurwetenskappe, al twee op die Mafikengkampus. 'n Moderne biblioteek word tans op die Vaaldriehoekkampus opgerig. Daarby gaan dié kampus ook 'n nuwe gebou vir Afrikatale, Geestes- en Sosiale Wetenskappe en 'n nuwe koshuis kry. Op die Potchefstroomkampus is die eerste nuwe koshuis sedert die samesmelting, in 2013 voltooi.

MIV/VIGS

Die NWU se MIV/VIGS-program vir personeel maak deel uit van die universiteit se Werknemergesondheid- en Welstandsprogram, terwyl die program vir studente onder die kampusdekane ressorteer.

MIV/VIGS-dienste is beskikbaar op alle kampusse en die kampusgesondheidsklinieke verskaf vrywillige berading en toetsing vir personeel en studente.

loopbaansentrum

Die Loopbaansentrum speel 'n belangrike rol in die bevordering van die indiensneembaarheid onder NWU-studente deur met werkgewers te skakel, en dienste te lewer aan werkgewers sowel as studente. Die sentrum poog om relevante kurrikulums te verseker wat sal help om graduandi af te lewer wat hul vaardighede in die ontwikkelende Suid-Afrikaanse ekonomie kan terugploeg.

Die sentrum het ook ondersteuningstrukture om studente te help om die wêreld van werk te verstaan en die soort kwaliteite te ontwikkel waarna werknemers soek.

ekstrakurrikulêre ontwikkeling

Die NWU bied aan studente talle geleenthede om hul talente te ontwikkel deur aan sport, die kunste, kulturele en ander buitemuurse aktiwiteite deel te neem.

kultuuraktiwiteite

Die **Mafikengkampus** het hom in kuns, musiek, koor en multikulturele drama onderskei, met die kampuskoor wat vir drie jaar agtereenvolgens die eerste plek in die streekskampioenskap van die Telkom/Ou Mutual-koorkampioenskap verower het.

Die **Potchefstroomkampus** is die tuiste van die bekende NWU-PUK-koor, die Boulevardharmoniste, 'n a cappella-ensemble, en die NWU-PUK Serenaders.

Die kampus spog ook met die NWU-PUK-simfonieorkes, die Buzzin'-koperblaasensemble, die Thalia-toneelgeselskap, die Disfunctional Beat-dansvereniging, die NWU-PUK Amici-ensemble, en Divaco, 'n kultuurvereniging wat die Kaapse kultuur deur middel van teater, dans en musiek vier.

In 2013 het die kampus die 30ste bestaansjaar van die jaarlikse Kampustalentfees met ’n groot galagebeurtenis gevier, met optredes deur kategoriewenners van die afgelope drie dekades se kompetisies.

Die **Vaaldriehoekkampus** is in die finale fases van die totstandbrenging van ’n radiostasie. Die kampus se koor, The Voices of the River, neem gereeld aan streekskompetisies deel. ’n Jaarlikse Kultuurfees is een van die hoogtepunte op die kampuskalender, met al drie NWU-kampusse wat daaraan deelneem.

sport

Sport is steeds ’n kernsterkte van die NWU se nie-akademiese lewe. Die universiteit kan, op grond van prestasies op die sportveld, daarop aanspraak maak dat dit een van die top-sportuniversiteite in Suid-Afrika is.

Die NWU fokus op sewe hoofsportsoorte, naamlik atletiek, krieket, hokkie, netbal, rugby, sokker en tennis. Hierbenewens bied die universiteit geleenthede vir deelname aan 30 ander sport- en ontspanningsaktiwiteite, insluitende fietsry, karate, sagtebal, muurbal, rotsklim, tafeltennis en mededingende skaak.

kleiner sportkodes

Sommige van die kleiner sportkodes wat op die Mafikengkampus ondersteun word, sluit in skaak, karate, vlugbal, ju-jitsu, tafeltennis, boks, aërobiese oefening, pluimbal, sagtebal en liggaamsbou.

Die NWU se **liggaamsbouspanne** is in 2012 aangewys as die algehele wenners by die USSA-kampioenskap. Die Mafikengkampus het weggeloop met sewe trofeë en die Vaaldriehoekkampus met ses.

Ander Mafikengkampus-spanne wat goed gevaar het by die USSA-kampioenskap was die **aërobiese span** wat vyf goue, twee silwer- en twee bronsmedaljes huis toe gebring het, en die **karatespan** wat ’n silwer- en ’n bronsmedalje gewen het. Die gemengde dubbels en die **vrouetafeltennisspan** het die vierde plek behaal by die USSAS-spele, so ook die vroueskaakspan.

Die Vaaldriehoekkampus se **skaakspan** het aan ’n CHESSA-toernooi (Skaak Suid-Afrika) deelgeneem, en die vroulike skaakspelers het onder die top 20 in die land geëindig, met die kampusspan nommer 12 op die nasionale ranglys.

Verskeie sportsterre op die Mafikengkampus is ook vir Suid-Afrikaanse spanne gekies, byvoorbeeld die SA **ju-jitsu** presidensiële span wat aan die 2013 Verenigde Nasies-wêreldkampioenskap sal deelneem.

’n Gewilde sportkode op die Vaaldriehoek is **dans,** en die span bestaan uit vroulike sowel as manlike dansers. Die dansspan het die semifinaal van die USSA-kampioenskap gehaal en onder die eerste vyf spanne geëindig.

Vyf paartjies het die semifinaal gehaal, met een paartjie wat derde plek behaal het. Een van die dansers is ook gekies om vir die eerste keer op USSA se Uitvoerende Komitee vir Dans te dien, en het ook aan die nasionale klubkompetisie deelgeneem.

Weens die ideale ligging van die Vaaldriehoek-kampus op die oewer van die Vaalrivier is die langtermynvisie om **watersport** te ontwikkel. Om dit te verwesenlik is ’n kano- en ’n roeiklub begin en is die roeiklub by Rowing SA geregistreer. Lede van die NWU Vaal-Watuni-kanoklub het aan verskeie kompetisies deelgeneem, insluitende die Duzi-kanomarathon en die uitdagende Bergriviermarathon.

Die Vaaldriehoekkampus het onlangs klein sportkodes soos basketbal, skaak, sewesrugby, bergfietsry en ’n marathon in hul nuwe koshuisligastruktuur ingesluit.

Die kleiner sportkodes op die Potchefstroom-kampus het ook goed gevaar by die 2012 USSA-kampioenskap.

Karate was weereens een van die mees suksesvolle kleiner sportkodes by die NWU. Die Potchefstroomkampus se span het die USSA-toernooi vir die 13de agtereenvolgende keer gewen.

Die kampus se **vrouefietsryspan** het eerste gekom en die **muurbalspan** tweede, terwyl die kampus se gholf-, pluimbal-, rotsklim- en gimnastiekspanne derde plekke behaal het.

groot sportkodes

Een van die groot sportkodes wat op die NWU se Potchefstroomkampus ondersteun word, is **rugby** en hierdie kampus spog met ’n hoogaangeskrewe Rugbyinstituut. Hul rugbyspan het tweede geëindig by die Sewesrugbytoernooi en die USSA 2012-toernooi.

Die Vaaldriehoekkampus se rugbyspan neem deel in die A-afdeling van die USSA-kampioenskap.

Atletiek is ’n gewilde groot sportkode op die Potchefstroomkampus, met die atletiekspan wat die USSA-toernooi vir die tiende keer in 19 jaar gewen het en 14 goue medaljes huis toe gebring het.

Die kampus het ook drie atlete en een afrigter wat by die 2012 Olimpiese Spele en Paralimpiese Spele in Londen betrokke was.

’n Atletiekklub word tans op die Vaaldriehoek-kampus tot stand gebring as deel van ’n nuwe sportinisiatief.

Die Potchefstroomkampus se atletiek- en **hokkiespanne** neem ook nou deel in die Varsity Cup-liga wat onlangs uitgebrei is.

In 2012 het hierdie kampus se vrouehokkie-span vir die tweede agtereenvolgende jaar as USSA-kampioene uit die stryd getree.

By die 2012 Olimpiese Spele in Londen het beide nasionale hokkiespanne (mans én vroue) ’n lid van die Hokkie-akademie ingesluit.

Die Vaaldriehoekkampus se vrouehokkiespan het weereens aan die USSA-kampioenskap deelgeneem (B-afdeling) en is tans die heersende kampioene van die Suid-Gautengse Hokkieliga.

Die Potchefstroomkampus se **krieket**klub, met 17 spanne, is tans die tweede-grootste in die land. Drie spelers van hierdie klub het gedurende die 2012/2013-seisoen vir nasionale spanne gespeel.

In 2011 was die Mafikengkampus se krieketspan tweede in die USSA B-afdeling. Die vrouekrieketspan van die Vaaldriehoek-kampus het die Gauteng Senior Vroueliga gedurende die 2012/2013-seisoen gewen, en twee spelers is gekies om die Senior Gauteng Vroueskrieketspan te verteenwoordig.

Die manskrieketspan het hul plek in die mededingende A-liga van die USSA Krieket behou en word as een van die top agt universiteitspanne in die land beskou, met een speler wat vir die SA Studentespan gekies is.

By die 2012 USSA-kampioenskap het die Potchefstroomkampus se **netbal**span vierde geëindig in die Superliga-afdeling.

Die Vaaldriehoekkampus se netbalspan was tweede in die USSA B-afdeling en het gekwalifiseer om in 2013 in die USSA A-afdeling deel te neem.

Deelname aan netbal het só toegeneem dat die kampus nou in verskeie provinsiale en plaaslike ligas deelneem. Spelers het ook die streek by die nasionale senior provinsiale kompetisie verteenwoordig.

’n **Tennis**speler van die NWU-Puk/Riaan Venter-tennisakademie is gekies vir die nasionale span wat in April 2013 in Montenegro aan die Federasiebeker gaan deelneem.

Daar is tans 25 studente wat by die **Sokker**instituut op die Mafikengkampus ingeskryf is. In 2012 was hierdie instituut tweede in die USSA-kampioenskap, en is een van die spelers as beste doelwagter van die toernooi aangewys.

Op die Vaaldriehoekkampus het die vroue-sokkerspan hul status in die Sasolliga behou. Hulle neem ook deel in die USSA Gauteng-liga en die USSA-toernooi. Die mansokkerspan het in die USSA Gauteng-ligas deelgeneem, en ook in die Suid-Afrikaanse Brouery-liga.

*** Sommige van die statistiek in hierdie afdeling is nie geoudit nie.*

in ’n neutedop…

A Die NWU ondersteun sewe belangrike sportsoorte, naamlik atletiek, krieket, hokkie, netbal, rugby, sokker en tennis, en bied ook 30 kleiner sport- en ontspanningsaktiwiteite aan, wat strek van kompeterende skaak tot rotsklim, karate en sagtebal.

A Die NWU spog met ’n Rugbyinstituut en ’n Hokkieakademie op die Potchefstroomkampus, ’n Sokkerinstituut op die Mafikengkampus en ’n Krieketakademie en ’n Roeiklub op die Vaaldriehoekkampus.

Om 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit te word, is ons navorsings- en innovasiestrategie daarop gemik om hulpbronne optimaal te benut en seker te maak dat ons ingrepe maksimale impak het.

Navorsing aan die NWU geskied volgens 'n navorsingsentiteite-model. Die beginsel vir die identifisering en ontwikkeling van navorsingsentiteite is dat die universiteit en elke kampus navorsingsterkpunte ontwikkel, met inagneming van kundigheid en potensiaal en die behoeftes van die streek en die land, binne die raamwerk van die strategiese navorsings- en innovasieplan.

Die "intreevlak"-navorsingsentiteit is dié van 'n nisarea, gevolg deur 'n fokusarea, dan 'n eenheid, en uiteindelik 'n sentrum van uitnemendheid. Daar is spesifieke kriteria aan die vier vlakke verbonde, en hulle moet toenemende kapasiteit, uitset, toepaslikheid en nasionale en internasionale erkenning toon. Die NWU het tans die volgende navorsingsentiteite:

A **Sentrums van uitnemendheid:**
- ⇨ Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding (SUV)
- ⇨ Sentrum vir Ruimtenavorsing
- ⇨ Sentrum van Uitnemendheid vir Farmaseutiese Wetenskappe (PharMaCen)

A **Eenhede:**
- ⇨ Eenheid vir Energiestelsels
- ⇨ Eenheid vir Reformatoriese Teologie en die Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Samelewing
- ⇨ Eenheid vir Bedryfswiskunde en Informatika
- ⇨ Eenheid vir Tale en Literatuur in die Suid-Afrikaanse Konteks
- ⇨ Eenheid vir Omgewingswetenskappe en -bestuur
- ⇨ Eenheid: Ontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Regstaat
- ⇨ Afrika-eenheid vir Transdissiplinêre Gesondheidnavorsing (AUTHeR)
- ⇨ WorkWell Navorsingseenheid vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

A **Fokusareas:**
- ⇨ Chemiese Hulpbronveredeling
- ⇨ SosialeTransformasie
- ⇨ Onderrig-Leer-organisasies
- ⇨ Verstaan en Verwerking van Taal in Komplekse Omgewings (UPSET)
- ⇨ Hipertensie in Afrika-navorsingspan (HART)
- ⇨ Fisiese Aktiwiteit, Sport en Rekreasie (PhASRec)
- ⇨ Toerismenavorsing in Ekonomiese Omgewings en die Samelewing (TREES)
- ⇨ Instaatstelling van Optimale Uitdrukking van Individuele, Maatskaplike en Institusionele Potensiaal (OPTENTIA)
- ⇨ Gehalte in Verpleeg- en Verloskunde (INSINQ)
- ⇨ Materiaalwetenskap-innovasie en Modellering (MaSIM)

A **Nisareas:**
- ⇨ Medisyneverbruik in Suid-Afrika (MUSA)
- ⇨ Bevolking en Gesondheid
- ⇨ Voedselsekuriteit en Veiligheid in die Noordwesprovinsie
- ⇨ Musikale Kunste in Suid-Afrika: Hulpbronne en Toepassings (MASARA)
- ⇨ Handel en Ontwikkeling (TRADE)
- ⇨ Meertalige Spraaktegnologie (MuST)

navorsing ondersteun innovasie

Die universiteit se akademiese personeel spandeer gemiddeld 40% van hulle tyd aan navorsing, wat in lyn is met die Institusionele Plan. Daar was ook 'n aansienlike toename in die getal NWU-navorsers met graderings van die Nasionale Navorsingstigting (NNS).

Ná voorlegging van aansoeke vir NNS-gradering in 2011/2012 het die universiteit nou 140 navorsers met NNS-graderings:

Navorsers met A-graderings	2
met B-graderings	17
met C-graderings	97
met P-graderings	1
met L-graderings	2
met Y-graderings	21

A Die bou van navorsingskapasiteit

Om meer akademiese personeel aan te moedig om hul navorsingsuitsette te verhoog en aansoek te doen om graderings, het die NWU 'n intensiewe kapasiteitsbouprogram vir van stapel gestuur. Opleiding word gegee om die navorsingsvaardighede van akademiese personeel te verbeter, met die klem op die skryf van opsommings, kongresvoordragte en artikels, en die opstel van vraelyste. Navorsingskapasiteitsbouwerkswinkels word op al drie kampusse gehou.

A Nagraadse werwing

Die universiteit is besig om sy poel navorsingsvaardighede te vergroot deur aktief groter getalle meesters- en doktorsgraadstudente te werf. In 2012 was daar 2 828 meestersgraad- en 1 048 doktorale studente.

A Verhoogde nagraadse befondsing

Voltydse meestersgraadstudente aan die NWU kwalifiseer vir beurse ten bedrae van R16 700 per jaar vir twee jaar. Voltydse doktorsgraadstudente kwalifiseer vir beurse van R20 000 per jaar vir drie jaar. In 2012 het ons 114 postdoktorale studente van lande soos Indië, Finland, Hongarye, Oekraïne, Nederland, Duitsland en 'n aantal Afrika-lande gehad.

A THRIP-inkomste

In 2012 was die THRIP-inkomste wat uitbetaal is aan die NWU van die hoogste van die universiteite in Suid-Afrika. Dit is 'n aanduiding van die innoverende en relevante navorsing wat in noue samewerking met die nywerheid in die land gedoen word.

A Navorsers op die voorpunt

Verskeie NWU-navorsers deel hul kundigheid met die wêreld.

- ⇨ Die kwalifikasies van die direkteur van die Skool vir Biokinetika, Rekreasie en Sport op die Potchefstroomkampus posisioneer hom as een van die voorste 14 antropometriste in die wêreld. In 2012 is hy herverkies as voorsitter van die Internasionale Vereniging vir die Bevordering van Kinantropometrie.

- ⇨ 'n Kundige van die Skool vir Omgewingswetenskappe is uitgenooi deur die komitee vir wetenskap en tegnologie van die Verenigde Nasies se Konvensie vir die Bekamping van Verwoestyning om lid te wees van 'n ad hoc-komitee wat wetenskaplike advies oor die bekamping van verwoestyning en droogtekwessies ontleed.

A Toekennings vir navorsers

Verskeie NWU-navorsers het onlangs nasionale en internasionale toekennings ontvang.

- ⇨ 'n Fisikus van die Sentrum vir Ruimtenavorsing het 'n A1-gradering van die Nasionale Navorsingstigting ontvang, en 'n toekenning gekry van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Hy is ook lid van die Suid-Afrikaanse Ruimteagentskap en die Space Science Expert Group.

- ’n Navorser van Opvoedingswetenskappe is aangewys as een van die *Mail & Guardian* se 200 Jong Suid-Afrikaners vir haar bydraes in haar vakgebied.

- In 2012 het vier wetenskaplikes van die Skool vir Biologiese Wetenskappe op die Potchefstroomkampus ’n prys ontvang vir die beste natuurwetenskappe-artikel in Afrikaans in ’n geakkrediteerde tydskrif. Daarby het ‘n navorser in die Hipertensie in Afrika-navorsingspan (HART) ‘n goue Stetoskoop-toekenning gewen vir die beste artikel gepubliseer in 2011 in die Cardiovascular Journal of Africa.

- Die Intelligente Vragsekuriteit en Sigbaarheidstelsel-projek in die Skool vir Elektriese, Elektroniese en Rekenaaringenieurswese het onlangs die toekenning van die Departement van Handel en Nywerheid gekry vir die beste THRIP-projek vir 2012 in die afdeling vir Gevorderde Hoë Tegnologie.

- Die direkteur van die Hipertensie in Afrika-navorsingspan het ’n AU TWAS (Academy of Sciences for the Developing World) Jong Wetenskaplikes Nasionale Toekenning gekry in die kategorie Lewens- en Aardwetenskappe.

- ’n Wetenskaplike in die Skool vir Fisiese en Chemiese Wetenskappe het die gesogte De Beers goue medalje gewen vir sy lewenslange bydrae tot Fisika.

- Die Navorsingsmedalje van die Opvoedkundevereniging van Suid-Afrika is onlangs aan ’n navorser in die Skool vir Opvoedkundige Wetenskappe op die Vaaldriehoekkampus toegeken.

A Nasionale en internasionale samewerking

Die NWU werk saam met verskeie universiteite en ander entiteite in Suid-Afrika en die buiteland. Hier is slegs enkele voorbeelde van hoe die universiteit sy kundigheid tot voordeel van die land, die vasteland en uiteindelik die wêreld implementeer:

- Die Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding op die Potchefstroomkampus het onlangs ’n projekkontrak ter waarde van R1 500 000 gekry by die Verenigde Nasies se Kinderfonds (UNICEF). Die projek behels ’n voldoeningsopname aan die Wêreldgesondheidsorganisasie se kode vir die bemarking van borsmelksubstitute in vier provinsies in Suid-Afrika.

- Die Britse Farmakopee-kommissie het 'n navorser aangewys as lid van die Kundigheidsadviesgroep MC2 (Medisinale Chemikalieë) om hulle te adviseer.

  Hierdie navorser is verbonde aan die Navorsingsinstituut vir Industriële Farmasie (NIIF), waarby die Sentrum vir Kwaliteitsversekering van Medisynes (CENQAM)® geïnkorporeer is.

- Die Sentrum vir Bedryfswiskunde en Informatika het ongeveer R4,8 miljoen oor verloop van drie jaar van die Departement van Wetenskap en Tegnologie (DWT) ontvang ter ondersteuning van navorsing op die gebied van finansiële risiko-ontleding.

- Die Instituut vir Ernstige Speletjies (Serious Games) – Suid-Afrika (SGI-SA) op die Vaaldriehoekkampus werk saam met die Europese Unie aan die ontwikkeling van 'n Mandela 27 Jaar-projek ter bevordering van interkulturele dialoog in 'n medium waarmee jongmense vertroud is.

- Die Optentia-navorsingsfokusarea het 'n samewerkingsooreenkoms met die Universiteit van Namibië gesluit om saam navorsing te doen oor die florering van individue en instellings, veerkragtigheid van kinders en welstand in gesinne.

- Die navorsingsnisarea, MUST, werk aan navorsingsinisiatiewe vir bedryfsreuse soos Google.

- Die navorsingsdirekteur van UPSET is genooi om te dien op die Nasionale Navorsingstigting se taakspan vir Betekenisvolle Internasionale Erkenning.

- Die Sentrum vir Inheemse Kennisstelsels (IKS) op die Mafikengkampus is aangewys as 'n NEPAD/SANBio Regionale IKS-nodus vir die Suider-Afrikaanse streek om IKS-netwerkaktiwiteite te koördineer wat geïnisieer en ondersteun word deur NEPAD. Die sentrum bestuur 'n projek oor die integrasie van IKS in biowetenskappe wat vyf lande in die streek vir die tydperk 2010 tot 2013 insluit.

- Die Nasionale Kernreguleerder van Suid-Afrika het die Mafikengkampus se Sentrum vir Toegepaste Stralingswetenskap en -tegnologie gemagtig om die nodige

aktiwiteite in die mynbousektor uit te voer ter verbetering van stralingsveiligheid en om kernafvalminimalisering en -bestuur te bewerkstellig.

A Meer oor 'n aantal navorsingsentiteite

- ⇨ **Materiaalwetenskapinnovasie en Modellering (MaSIM)** is 'n nuut gestigte navorsingsfokusarea wat beoog om 'n toonaangewende navorsings- en ontwikkelingsentrum te word op die gebied van materiaal-, metaal- en nanotegnologie-inisiatiewe vir probleemoplossing regoor Suid-Afrika.
- ⇨ **Voedselsekuriteit en -veiligheid in die Noordwesprovinsie** is 'n navorsingsnisarea met die doelwit om by te dra tot verbeterde voedselsekuriteit in die Noordwesprovinsie. Navorsing fokus op veeproduksie en -gesondheid, plantvoedselproduksie en landbou-ekonomie en -uitbreiding.
- ⇨ **Bevolking en Gesondheid**, ook 'n navorsingsnisarea, beywer hom om nuwe kennis en insigte te ontdek deur innoverende navorsing in twee subprogramme, naamlik Huishoudelike gesondheid en bevolkingsverandering, en Vrugbaarheid, armoede en MIV/VIGS.
- ⇨ Die **Sentrum vir Hoëprestasie-berekening** op die Potchefstroomkampus is bekend vir die hoë gehalte van hul eksperimentele toerusting wat gebruik word vir berekeningsintensiewe navorsing in 'n wye verskeidenheid dissiplines.

A Nuwe verwikkelings

In 2012 het die Potchefstroomkampus ook 'n Normeringsentrum vir Korporatiewe Maatskaplike Verantwoordelikheid tot stand gebring in sy fokusarea: Maatskaplike Transformasie. Hierdie sentrum moniteer die standaarde van Korporatiewe Maatskaplike Verantwoordelikheid in groot maatskappye met die fokus op die mynbousektor.
'n Hipertensiekliniek wat enig in sy soort is en fokus op navorsing oor hoëvlakbloeddruk het ook op die Potchefstroomkampus geopen.

In nog 'n nuwe inisiatief is 'n Sentrum vir Waternavorsing op dieselfde kampus tot stand gebring. 'n Nuwe ooreenkoms is ook gefinaliseer met die Tegnologie-innovasie-agentskap vir die totstandbrenging van 'n nasionale platform in Metabolomika op die kampus.

A Gehuisveste entiteite

Verskeie sentrums, platforms en institute word by die NWU gehuisves, hoofsaaklik op die Potchefstroomkampus. Hulle is die volgende:

- ⇨ Die DWT/NWU Prekliniese Geneesmiddelontwikkelingsplatform
- ⇨ Die Sentrum vir Menslike Metabonomika
- ⇨ Die DWT HySA Infrastructure-bevoegdheidsentrum vir waterstofproduksie, -berging, -retikulasie en veiligheidskodes en standaarde
- ⇨ Die Thedti Sentrum vir Gevorderde Vervaardiging
- ⇨ The DWT Sentrum vir Uitnemendheid in Inheemse Kennisstelsels. (Hierdie een is op die Mafikengkampus.)

Die Potchefstroomkampus het ook 'n kommersiële navorsingsentiteit, naamlik die Sentrum vir Farmaseutiese en Biomediese Dienste.

A Navorsingsleerstoele

In 2012 het die Departement van Wetenskap en Tegnologie (DWT) twee nuwe navorsingsleerstoele aan die NWU se Potchefstroomkampus toegeken, naamlik Steenkoolnavorsing, en Vroeë opsporing en voorkoming van kardiovaskulêre siekte in Afrika. In dieselfde jaar het Eskom 'n navorsingsleerstoel in Emissiebeheer aan die kampus toegeken. Die kampus het ook 'n navorsingsleerstoel in Kerningenieurswese, een in Astrofisika en Ruimtefisika, en 'n DWT/SANERI-medeleerstoel in Biobrandstowwe en ander skoon alternatiewe brandstowwe.

A Inkomste deur innovasie

Behalwe dat die NWU nasionale en internasionale erkenning ontvang, genereer

die NWU se innovasie ook alternatiewe inkomstebronne. Patente en inkomste uit produkverkope genereer ongeveer R3 miljoen per jaar.

A Totale navorsingsuitset

In 2012 het die NWU 'n algehele publikasie-uitset van 935 (tydskrifte, raming van boeke en konferensiepublikasies) behaal.

Totale navorsings-uitset*	2009	2010	2011	2012
	1 186	1 330	1 483	1 830

** Sluit navorsingsmeestersgrade, PhD's maal drie en publikasies in (insluitende 'n raming van boeke, konferensieverrigtinge-publikasies en artikels)*

A Newemaatskappye

Die NWU gebruik die stigting van innoverende klein en mediumgrootte newemaatskappye as deel van die kommersialiseringstrategie en hou ekwiteit in sommige van hulle.

Sedert die samesmelting in 2004 het die totale aantal tegnologie-newemaatskappye van nege tot 16 in 2012 toegeneem, waarvan 13 in daardie stadium nog aktief was.

A Die stel van nuwe standaarde

Aangesien daar geen Suid-Afrikaanse presedent bestaan wat toepaslike marknorme vir die NWU se innovasiepoging voorsien nie, ontwikkel die universiteit sy eie teikens wat op ervaring gebaseer is. Norme sluit die getal patente in wat in Suid-Afrika en in die buiteland geregistreer is, die getal nuwe lisensie-ooreenkomste, die inkomste uit tantièmes en produkverkope, en die getal nuwe newemaatskappye, NWU-filiale en geassosieerde maatskappye.

gemeenskapsverbintenis

Die NWU beskou die implementering van kundigheid as 'n uitbreiding van die kernaktiwiteit van die universiteit, met gemeenskapsontwikkeling wat deel uitmaak daarvan. Hiermee skep die universiteit geleenthede vir sy studente en personeel om hul kundigheid deur verskeie projekte in gemeenskappe te implementeer.

A Dienste aan plaaslike en provinsiale regerings of nasionale liggame

- ⇨ Die Departement van Kuns en Kultuur het die Potchefstroomkampus se **CTexT** aangestel om die Hulpbronbestuurs-agentskap tot stand te bring vir die bestuur en verspreiding van herbruikbare teks- en spraakhulpbronne vanaf een sentrale punt.

- ⇨ 'n **Pro bono-kantoor** op die Potchef-stroomkampus help plaaslike regerings in Noordwes met gratis advies oor omgewingsbestuur en impakstudies. Dit volg nadat die Departement van Omgewingsake die behoefte geïdentifiseer het, en ná 'n ondersoek by verskeie Suid-Afrikaanse universiteite die NWU geïdentifiseer het om die eerste kantoor as loodsprojek te open.

- ⇨ **TRADE**, in die Skool vir Ekonomie op dieselfde kampus is deur die Departement van Handel en Nywerheid gekontrakteer om realistiese uitvoergeleenthede vir Suid-Afrikaanse uitvoerders te identifiseer.

- ⇨ Die Potchefstroomkampus en die Departement van Handel en Nywer-heid (DHN) het die tegnologies gevorderde superkritiekevloeistof-ekstraksielaboratorium en -loodsaanleg geopen, 'n eerste vir Afrika. Die **DHN Sentrum vir Gevorderde Vervaardiging** gebruik groen tegnologie om onder meer essensiële olies, geursels en ander verbindings op 'n veilige manier te ekstraheer vir gebruik in die kosmetiek-, voedsel- en mediese industrie.

- ⇨ Personeel van die navorsingsnisarea, **Medisyneverbruik in Suid-Afrika**, is betrokke by die Suid-Afrikaanse Aptekers-raad om 'n gradeerstelsel vir openbare en privaatsektor-apteke te ontwikkel.

- Die **Vaaldriehoekkampus** het ooreengekom met plaaslike en streeksmunisipaliteite om te help met kapasiteitsbou van raadslede en amptenare, en om gesamentlike projekte aan te pak wat daarop gemik is om individue en gemeenskappe te leer om gemeenskapsontwikkeling beter te verstaan en meer doeltreffend daaraan deel te neem.

- Die **Vaaldriehoekkampus** is ook betrokke by die Molefi Oliphant-leierskapsinstituut, wat lewensvaardigheidsprogramme skep om professionele sokkerspelers met die bestuur van hul finansies te help.

  Die kampus help die instituut deur navorsing te doen en kortkursusse aan te bied.

- Die nisarea, **Voedselsekuriteit en Veiligheid in die Noordwesprovinsie** (op die Mafikengkampus), help die Nasionale Departement van Landbou, Bosbou en Visserye met die implementering van die "Zero Hunger"-strategie om honger uit te wis.

- Die **Sentrum vir Inheemse Kennisstelsels**, ook op die Mafikengkampus, werk met die Departement van Wetenskap en Tegnologie (DWT) en die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid saam aan 'n inisiatief om die akkreditering van tradisionele leiers en genesers te bewerkstellig. In 2013 het die sentrum en die DWT saam 'n internasionale konferensie aangebied oor die waarde van inheemse kennis in die 21ste eeu.

- Die **Skool vir Landbouwetenskap**, in vennootskap met onder meer die Provinsiale Departement van Landbou en Landelike Ontwikkeling en die Mahikeng- en Groter Taung-munisipaliteite, het deelgeneem aan boeremarkte. Die doel is om kleinboere in die omliggende gebiede toegang te gee tot markgeleenthede sodat hulle vars produkte aan plaaslike markte kan lewer.

- Die **Mafikengkampus**, die Noordwes Provinsiale Regering en Statistiek Suid-Afrika het 'n vennootskap aangegaan om vaardigheidsontwikkeling in die provinsie te bespoedig.

- Tesame met die Direktoraat Veeartsenykundige Dienste van die Noordwes Departement van Landbou en Landelike

Ontwikkeling lewer die Mafikengkampus se **Skool vir Landbou** algemene veeteeltdienste aan boere in die landelike dele van die provinsie.

Deel van die aktiwteite vir die implementering van kundigheid, soos kortkursusse, konsultasie, dienslewering en tegnologieoordrag **genereer derdegeldstroominkomste.**

Die NWU is egter ook betrokke by verskeie gemeenskapsverbintenisaktiwiteite wat **nie op winsbejag ingestel is nie.**

Hierdie aktiwiteite word deur universiteit se personeel en studente uitgevoer om die gemeenskap op te hef en te ontwikkel.

Dit wissel van ontwikkelingsbetrokkenheid tot gemeenskapsdiensprojekte en die voorsiening van kundigheid op 'n vrywillige grondslag aan verskeie instansies.

Die NWU het gemeenskapsverbintenis as 'n strategiese prioriteit geïdentifiseer wat kan help om die beoogde lewenskragtige, dinamiese en innoverende karakter van die universiteit uit te bou.

gemeenskapsprojekte

Daar is tans meer as 150 gemeenskapsverbintenisprojekte by die NWU aan die gang.

- **Mosaïekprojek:** Hierdie weeskindsorgprojek fokus op die bou van huise vir gesinne wat weeskinders in pleegsorg neem. Dit skep ook werksgeleenthede vir pleegouers deur 'n boukontrakteursonderneming en 'n onderneming genaamd "Made by Mosaic". Die projek behels ook maatskaplike ontwikkelingsprogramme en 'n kleuterskool vir MIV-geïnfekteerde kinders.

- **Verbetering van lewensgehalte:** Die Afrika-eenheid vir Transdissiplinêre Gesondheidnavorsing (AUTHeR) in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe op die Potchefstroomkampus bestuur verskeie gemeenskapsprojekte wat daarop gemik is om die lewensgehalte in gemeenskappe te verbeter. Hierdie projekte sluit in die Holding Hands-projek, Glasherwinningprojek en LIFEPLAN® wat deel uitmaak van die sogenaamde FLAGH-program.

- **Gesondheidsdienste:** Verskeie fakulteite en skole bied gesondheidsdienste aan die gemeenskap. Dit is onder meer gratis diagnostiese toetse deur studente by gemeenskapsapteke en by staats- en privaat hospitale, werkswinkels oor streshantering, en ’n navorsingsprojek oor die kardiovaskulêre gesondheid van onderwysers in die Potchefstroomgebied.

- **Dieregesondheid:** Die Dieregesondheid-sentrum op die Mafikengkampus verskaf primêre dieregesondheidsorg-dienste aan mense wat nie veeartsenykundige dienste kan bekostig nie.

- **Regsdienste aan die gemeenskap:** Die Gemeenskapsregsentrum (in die Regsfakulteit op die Mafikengkampus) en die Sentrum vir Gemeenskapsreg en -ontwikkeling (in die Regsfakulteit op die Potchefstroomkampus) voorsien praktiese regsopleiding aan kandidaatprokureurs en LLB-studente in hul finale jaar. Hulle lewer ook gratis regsdienste aan diegene wat nie regsadvies kan bekostig nie. Ander dienste sluit in kapasiteitsbouprogramme en programme op gemeenskapsradiostasies. ’n Eenheid vir kinderregte is ook tot stand gebring.

A Meertaligheid

’n Verskeidenheid gemeenskapsinisiatiewe onderlê die gees van die universiteit se funksionele meertaligheidsbeleid. Voorbeelde van die gemeenskapsinisiatiewe wat deur die NWU se Taaldirektoraat van stapel gestuur is, sluit in tolkdienste in twee skole en ’n drietalige leesprojek in vyf laerskole wat deur die Rotariërklub van Orkney medebefonds word.

Ander inisiatiewe sluit in die kortkursusse vir vertalers en gespesialiseerde vertaling (subtitels), aangebied deur lede van die Vaaldriehoekkampus se Skool vir Tale.

SA Gebaretaal is ook in 2011 ingevoer as ’n volwaardige taalvak in die Skool vir Tale op die Potchefstroomkampus. Daarby is die Taaldirektoraat ook betrokke by die opleiding van Gebaretaaltolke deur middel van kortkursusse wat gesamentlik deur die Institusionele Kantoor en DeafSA aangebied word.

A Bevordering van die kunste

Die ontwikkeling van die kunste in die Noordwesprovinsie is nog ’n prioriteit en daarom bied die Instituut vir Kunstebestuur en -administrasie (Artéma) op die Potchef-stroomkampus leerderskapprogramme en sertifikaatkursusse aan.

A Terug skool toe

In die lig van die agterstande in Suid-Afrikaanse skole, veral wat wiskunde en wetenskap betref, is dit vir die NWU belangrik om by skole in die omgewing van sy kampusse betrokke te wees. Die universiteit help dan ook om duisende matrikulante uit voedingskole vir die tersiêre onderwysomgewing en die werkswêreld voor te berei.

- Die **Siyakhulisa-program vir Vroeë Kinderontwikkeling** poog om die standaard van voorskoolse onderwys en Vroeë Kinderontwikkeling in die Vaaldriehoek te verbeter. Voorskoolse onderwysers woon ’n opleidingsprogram by wat deur die Skool vir Opvoedkundige Wetenskappe aangebied word.

- Die **Ikateleng-projek** is daarop gemik om belowende graad 12-leerders vir hul matriekeksamen en die uitdagings van die universiteitslewe voor te berei en word in die drie kampusse se omliggende gebiede aangebied. In 2012 was die gemiddelde slaagsyfer by die onderskeie sentrums 93%, en is 302 onderskeidings behaal.

- Tydens die **Winterskool** op die Mafikengkampus bied personeel en studente aanvullende onderrig wat graad 12-leerders help om vir hul finale eksamen voor te berei.

A Musiekprogramme

Musiekprogramme soos die Musikhane-projek en die Suid-Afrikaanse Musiekuitreik-projek leer kinders van benadeelde gemeenskappe om musiek te lees en verskeie instrumente te bespeel.

A Verbetering van die gehalte van onderrig

- ⇨ Die **Sediba-projek** poog om die gehalte van onderrig in wetenskap en wiskunde te verbeter en onderwysers te help om Hoëronderwysdiplomas te verwerf.
- ⇨ Die **Education Quality Improvement Partnership Programme** (EQUIP) is ’n heleskool-ontwikkelingsprogram wat kapasiteit op die vlak van leierskap, bestuur en korporatiewe bestuur binne die skole bou. In samewerking met die Noordwesprovinsie se Onderwysdepartement voorsien die universiteit opleiding en ander ondersteuning aan skoolbeheerliggame, bestuurspanne en opvoeders. Die projek sluit ook indiensopleiding vir Engels medium-onderrig in.
- ⇨ As deel van die **Vennootskappe vir Hoop-projek** is skole in die Kenneth Kaunda-distriksmunisipaliteit ondersteun deur werkswinkels en deur die plasing van onderwysstudente vir werk-geïntegreerde leer (prakties) in daardie skole.

A Bekamping van MIV/VIGS

In ag genome die geweldige impak wat die MIV/VIGS-pandemie op Suid-Afrika gehad het, beskou die Universiteit die bekamping van MIV/VIGS as ’n prioriteit. Studente op al drie kampusse is aktief betrokke by MIV/VIGS-bewusmaking onder die gemeenskappe. Hul aktiwiteite wissel van die aanbied van voorligtingswerkswinkels tot die reël van geleenthede soos antidiskriminasie-optogte, kersweke en kondoomweke.

A Studentebetrokkenheid by gemeenskappe

’n Belangrike deel van die studentelewe aan die NWU is die geleentheid om ’n bydrae tot die gemeenskap te lewer deur vrywilligersdiens.

- ⇨ **Studentejool-gemeenskapsdiens:** Die geld wat tydens die jaarlikse Jool en ander projekte ingevorder word, word versprei aan gemeenskapsgebaseerde liefdadigheidsorganisasies of aan NWU akademiese personeel wat by gemeenskapsprojekte betrokke is.

  Die Potchefstroomkampus is sedert 2006 die grootste geregistreerde studentewelsynsorganisasie ter wêreld en het in 2012 die internasionale MacJannet-prys van die Taillores Network ontvang vir hul goeie werk en globale burgerskap. In 2013 het hulle ongeveer R1,4 miljoen aan verdienstelike projekte en individue geskenk.

- ⇨ **Etes vir behoeftige studente:** Die kampusse hou fondsinsamelingsfunksies soos gholf- en jazz-dae en fietswedrenne om te verseker dat behoeftige studente daagliks twee gebalanseerde etes ontvang.

- ⇨ **Kinderhuise:** Studente doen vrywillige gemeenskapsdiens by plaaslike kinderhuise, skuilings vir haweloses, ouetehuise en die DBV.

yunibesiti ya rona

Ka 1 Ferikgong 2004 Yunibesiti ya Bokone-Bophirima (YBB) e ne ya simolola semmuso go nna karolo ya leano le le atologileng la go fetola thuto e e kwa godimo, ka boikaelelo jwa go dirisa madi ka tshomarelo le go baakanya bothata jwa nako e e fetileng jwa go sa dirweng ga dilo ka go tshwana.

YBB ke setheo sa dikhamphase tse di farologaneng tse di dirang jaaka khamphase e le nngwe fela tse di leng mo diporofenseng tse pedi.

Dikhamphase tseno ke Khamphase ya Potchefstroom le ya Mafikeng kwa Bokone Bophirima le Khamphase ya Khutlotharo ya Lekwa kwa Gauteng.

Ofisi ya Setheo (ofisi-kgolo) e kwa Potchefstroom gaufi thata le Khamphase ya Potchefstroom.

Mo dingwageng di le mmalwa tse di fetileng, YBB e ile ya akgolwa ke ditlamo tse di kwantle ka ntlha ya boeteledipele jwa yone mo ditirong tse di farologaneng.

Leinatshwao la kgwebo la Yunibesiti ya Bokone-Bophirima le na le dikarolo tse pedi, e leng letshwao la kerafo kgotsa letshwaoina – "dikeetane" tse di gokaganang le lefshwaofoko, leina la setheo – Yunibesiti ya Bokone-Bophirima.

"Dikeetane" tse tharo tse di gokaganang di tshwantshetsa kutlwano ya Yunibesiti ya Bokone-Bophirima mme mebala e meraro e tshwantshetsa dipharologano tsa methalethale tsa dikhampase tse tharo.

Kwa Yunibesiting ya Bokone-Bophirima, go kopana ga ditalente tse di tlhomologileng, bokgoni le ditshwanelego tsa baithuti le badiri ba rona ba ditso tse di farologaneng go dira gore gantsi re nne le dikgopolo tse diša tsa go dira dilo.

Moano wa rona, Mokgwa o moša wa go dira dilo ka dipharologano, o gatelela ntlha eno.

E bontsha maikemisetso a Yunibesiti a go rata le go amogela ditso tse di farologaneng le go dirisa dipharologano tseno go gagamalela kitso le mekgwa e meša ya go dira dilo, go letla baithuti le badiri ba rona go nna se ba batlang go nna sone le go godisa moya wa rona wa mekgwa e meša ya go dira dilo.

Vir meer inligting oor die NWU-verhaal, kontak...



Mafikengkampus
Tel: +27 18 389 2144
E-pos: koos.degenaar@nwu.ac.za

Potchefstroomkampus
Tel: +27 18 299 2769
E-pos: theo.cloete@nwu.ac.za

Vaaldriehoekkampus
Tel: +27 16 910 3185
E-pos: warren.makgowe@nwu.ac.za

Institusionele Kantoor:
Tel: +27 18 299 4918
E-pos: louis.jacobs@nwu.ac.za

Geproduseer deur
Institusionele Bevordeing, NWU
Redakteur: Nelia Engelbrecht
Ontwerp en uitleg: SUN MeDIA
Drukwerk: SUN MeDIA
Fotografie: NWU-diensverskaffers
en kollegas